LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 6
15 Februarie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER
hoof@laervolkskool.org

FINANSIËLE HULP
Ouers moet asseblief daarop let dat die vorms volledig ingevul moet wees voor dit by die skool ingehandig word om verwerk te word. Indien u aansoek nie volledig is nie, sal die aansoek nie verwerk kan word nie. Al die banke moet hul stempel op die vorm plaas en bevestig of u 'n rekening by die bank het al dan nie. U werkgewer se personeel afdeling moet 'n brief gee wat bevestig dat u 'n 13de tjek al dan nie ontvang. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is voor dit ingehandig word. U samewerking sal waardeer word. Sluitingsdatum vir inhandiging van aansoeke is 22 Februarie 2019.

INLIGTINGSVERGADERING
Gr 1 en 3 ouers word uitgenooi na 'n Inligtingsvergadering op Maandag, 18 Februarie 2019 om 07:30 in die skoolsaal.

SPORT

TENNIS TEEN GILL
Die eerste seuns en dogters het Maandag, 11 Februarie 2019 teen Gill gespeel. Beide spanne het hul wedstryde gewen. Baie geluk. Ons is baie trots op julle.
Skenkings: Dankie vir die mikrogolf as skenking vir die tennishuisie. Ons waardeer dit baie.

KRIEKET
Laer Volkskool het op 13 Februarie 2019 teen Niko Brummer gespeel en die uitslae is as volg:
o.11 wen met 8 paaltjies
o.13 verloor

PERDRY
VICTORIA-WES SKOU – NOORD-KAAP STREEKSKOU
Tiaan en Marli Fourie het die afgelope naweek aan bogenoemde skou deelgeneem en die volgende plasings behaal:

Marli – 1ste en 3de ruiters 10 jaar en onder
Tiaan – 1ste 3 Gang Parkperd 14 jaar en onder
3de 5 Gang Plesierperd ruiters 18 jaar en onder

Tiaan neem ook deel in die 5 Gang Plesierperd Kampioenskap en is aangewys as Reserwe Kampioen.

SWEM
Op 12 Februarie 2019 het die jaarlikse Interskole-gala teen Union plaasgevind. Laer Volkskool se swemmers het hier bewys dat dit die moeite werd is om hard en gereeld te oefen en tree as wenners van die gala, uit die swembad: Laer Volkskool: 449 punte, Union: 328 punte.

Victrix Ludorum: Carlien Oosthuizen, Victor Ludorum: Aidan Thiart.

NETBALKLINIEK 22-23 FEBRUARIE 2019
Die program is as volg:

Vrydag, 22 Februarie o.7 tot o.9 = 14h00 tot 16h00
o.10 tot o.13 = 16h00 tot 17h30

Saterdag, 23 Februarie o.10 tot o.13 = 08h30 tot 12h00
Elke speelster bring haar eie verversings en genoeg water.

Kleredrag: Volkskool oefendrag, tekkies en ‘n hoed. Onthou die sonroom.
Stuur asb. die betaling nie later as Maandag 18 Februarie 2019.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

GOD IS ALTYD BY JOU

God is oral en altyd by jou,
sit jou hand vandag in Syne,
vertel vir Hom van alles wat pla –
Hy ken jou wêreld ... en ook myne.

Psalm 16:11

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

ADVERTENSIE

My Skoolalbum

My Skoolalbum is 'n bekostigebare en oulike album vir al jou kind se skool en sport fotos van GR R tot Matriek. Daar is 'n koevert vir elke graad se rapport en sertifikate.
Van dag 1 van kan sy/haar skoolloopbaan vasgevang word in 'n boek vol kosbare herinneringe.
Ek is seker daar is baie foto's die eerste dag geneem en selfs met die atletiekbyweenkoms en swemgala . Bou hierdie album saam met jou kind.
Kontak my gerus indien jy 'n voorbeeld wil sien of wil bestel.

Elke album kos R250.00.

AdÉle van den Berg 071 624 3271

Franja du Plessis en Willem Botha besoek Laer Volkskool

PLEK: Laer Volkskool Saal
DATUM: Donderdag, 28 Februarie
TYD: 18h00 vir 18h30
PRYS: R50 per kind, R100 per volwassene

Heerlike verversings beskikbaar tydens pouse.
Donuts, cappucinnos, koeldranke en vele meer!
CD's sal ook te koop aangebied word na afloop van die konsert.

Die OOV nooi die hele gesin uit om hierdie aand saam met ons te kom geniet! Kaartjies is by Brenda by Laer Volkskool se kantoor beskikbaar. Geen telefoniese besprekings nie. Daar sal ook kaartjies by die deure te koop wees.



HEERLIKE AANDETE OOK BESKIKBAAR

Die OOV gaan Hamburger-kaartjies verkoop teen R30 per burger. Kaartjies kan ook vooraf by Brenda gekoop word. Burgers sal vanaf 18h00 beskikbaar wees. Daar sal tafels en stoele in vierkant gepak word om die verversings by te geniet! Kom eet en kuier lekker saam!